

SIENER EN DIE PAD VORENTOE

Aanhalings is geneem uit “Siener van Rensburg En Die Rebelle” (AWG Raath), Boodskapper Van God (Adriaan Snyman 1996) en die 1933 Bybelvertaling. Saamgestel deur Susan Pohl (verklarings is my eie, die leser besluit self)

1) DIE VRIENDELIKE ENGELSMAN 2) DIE KAKI VROU IN DIE KAAP 3) DIE TRONKDEUR GAAN OOP 4) DIE STRAFGERIG 5) LANDWYE STAKING EN SWART OP SWART OORLOG 6) DIE MAN MET DIE BRUIN PAK EN VRYSTAATSE OPSTAND 7) DERDE WÊRELDOORLOG 8) DUITSE LEIER – Vergadering in Namibië 9) STAATSGREEP IN DUITSLAND 10) DOOD VAN ‘N SWARTMAN 11) ZIM BURGEROORLOG 12) DIE TWEE GETUIES – Geestelike leier en Tydelike militêre leier 13) FILIDELFIA DIE BOONSTE POORT 14) VEROOTMOEDIGINGS DAG EN AARDBEWING – Die vriendelike Engelsman is daar maar loop agter; Hulle maak rusie; Militêre bedreiging uit Indië; Vulkaniese uitbarsting in die Ooste; Koeberg en Jan Kempdorp; ‘n Tsunami 15) DIE VOLK ONTTREK 16) JAHWEH VERLAAT SY VOLK 17) DIE VERBORGENHEID VAN DANIËL 12 18) AANVAL OP DORPE EN STEDE 19) DIE VEERTIG DAE – Die blou briewe, Geloofte, Hongersnood en verwarring onder die vyand, Prieska, Buitelandse vyand 20) ‘N DERDE VAN BLANKES OORLEEF 21) DIE VERBOND – Die verskillende opstandings; Die wet het nie verval nie 22) ONS NUWE PRESIDENT 23) EUROPEËRS KOM HIER AAN – Daar is geen wegraping nie, Die Vierkleur 24) NIBIRU / ALSEM IS ARMAGEDDON – Die duisendjarige vredestryk, Rhodesiërs kry hul grond terug, Adisionele inligting, Tydskaal

Genl De Wet het hom soos volg oor Siener uitgelaat: “Daar is baie mense wat nie glo wat die Siener vertel nie, maar dieselfde God wat in Israel se tyd geleef het, leef nog. En dis nie ek wat in die oorlog so ‘n groot krygsman was nie, nee, dit was Gods werk deur die Siener wat my daartoe in staat gestel het” (S56). Vir sy dogter Anna het Siener gesê: “In daardie tyd sal niemand ook kop of stert van my gesigte kan uitmaak nie, want die een sal sê: Oom Klasie het so gesê, en die ander een sal sry: Nee, hy het sus gesê...” (S13). Dit is ook presies hoe dit vandag gaan en hoor ons daagliks van iets wat Siener kwansuis gesê het. Daarom word die betrokke aanhalings onder die onderskeie onderwerpe hier gemeld as verwysing.

Baie belangrik om te verstaan is dat die Rebelle van 1914 **voortgesit word** met ons laaste vryheidstryd, en ook dat hierdie **geskiedenis homself herhaal** (Pred.1:9), bv “Dan trek ons weer af Prieska toe soos in 1914” (R236). En: “Ek sien ons kommandos trek weer Duitswes toe. Julle sal anders veg as wat ons geveg het. En daar sal baie meer van julle wees. En ek sien die Vierkleur wapper weer. Dit is God se wil en Sy wil sal geskied” (S222). Maar, terwyl die Rebelle ‘n mislukking was, tree ons uit hierdie laaste stryd as oorwinnaars. Aan die einde van die Rebelle het Siener gesê: “Ons werk is afgedaan. Nou moet ons ons wapens neerlê, want die tyd van die vervulling van ons Vryheid is nog nie aanstaande nie. Duitsland sal die eerste rondte van hierdie stryd verloor. Daar sal weer ‘n oorlog kom om die gebeure van die Eerste Wêreldoorlog voort te sit. Jare van verdeeldheid en verwarring onder die Afrikaner sal volg. **Dan word die oorlog hervat en die hoop leef. Genl. Botha moet nou vir Duitswes vat, anders het die Duitsers later geen rede om dit weer terug te vat en so ons traktaat te verwesenlik nie**” (R164).

In hierdie verband het Siener ook gesê: “Voordat ons ‘n Republiek kry, wag daar ‘n bitter stryd op ons. In 1914 met die Rebelle het ons deur ‘n sif gegaan. Die keer gaan ons deur ‘n smeltkroes. Ek sien die tyd is donker (die “donker tyd” het hy vertel is die landwye staking), want as ek op my perd sit kan ek nie sy maanhare sien nie, maar in die tyd wat kom sien ek is

dit so donker dat ek nie my hand voor my oë kan sien nie. Maar vir ons wat weet sal dit nie so donker tyd wees nie” (S173). En: “Ons volk gaan weer gesuiwer word ...En hoewel die verraad en broedertwis verskriklik onder ons mense is, sien ek dat ons nogtans voortworstel op die pad wat God vir ons bepaal het” (S273).

Terwyl genl. Botha moeite gedoen het om predikante te ontmoedig om die Rebelle te ondersteun, het genl. Smuts De la Rey laat vermoor om te kyk of die Boere nog sou rebelleer, maar het ook twee spioene gestuur om Siener se opgetekende visioene te steel (R137). Tog het die Rebelle Duitsland bereik, en so belangrik was dit dat die Traktaat Duitsland bereik en nie in die hande van die Engelse val nie, dat Maritz daarmee gevlug het Angola toe. Daar het hy die koers gekry, sy hare het uitgeval en het hy amper omgekom. Daar was ook ‘n losprys op sy kop, maar die Traktaat het Duitsland bereik en is sedertien in veilige bewaring (R170).

Ook moet ons die vyf hoof rolspelers identifiseer wat in hierdie tyd na vore sal tree. Die **twee blou perde** (twee Duitse Getuies, een ‘n profeet en die ander ‘n tydelike militêre leier), die **twee bruin perde** (die vriendelike Engelsman en man met die bruin pak), en **die blou skimmel perd** (toekomstige Duitse leier uit die stam van Dawid S89). Verskeie karakters tydens die Rebelle verteenwoordig ook mense wat in hierdie tyd ‘n rol sal speel. Die profete het hierdie mense ook fisies beskryf sodat ons hulle nie met false profete en verraaiers sal verwar nie.

‘n Begrip van wie die dogter van Sion is (die dogter van Juda en Jerusalem), en die land suid van die riviere van Kus (die berg Sion), waar hierdie oorblyfsel (bekend as die Boerevolk) in aansyn geroep is, is ook noodsaaklik alvorens sin gemaak kan word van die profesieë.

Die vriendelike Engelsman: Kaalgeskeer, net in ‘n broek en hemp (Gert Mills, huidiglik Angus Buchan).

Die man met die bruin pak: Boerebaard (maar Engelse hart), groot Engelsman en militaris (Kemp).

Die geestelike leier: Jong man, ligte kop, slank gebou, kaalgeskeer (Beyers).

Die tydelike militêre leier: Gesette donkerkop, dik gesig en kaalgeskeer (Manie Maritz).

Die koning / president uit Juda: Jong man, klein gebou, kaalkop en grys baard (De la Rey).

3. DIE TRONKDEUR WAT OOPGAAN is simbolies van die volk wat wakker word. Die Rebelle van 1914 moes destyds in the tronk agterbly, en die tronkdeur wat in hierdie tyd oopgaan verwys na die ontwaking van die volk en die stryd wat hervat word. Siener het gesien dat hulle “**in drie klompe**” losgelaat sou word (R194). Die klomp wat eerste wakker word het betrekking op ons toekomstige koning “wat met ‘n Boerestoel (troon) vining by die jaard uitglim” en die land verlaat, asook die ver-regse Boere wat hulle nooit laat mislei het nie. Die tweede deel word wakker agv die vriendelike Engelsman se saamtrek onder a swart wolk by Bloemfontein (sy valse leer word bekend wanneer die land in anargie verval), en die res tydens ‘n Vrystaatse opstand en lokval, gelei deur die man met die bruin pak.

Interessant dat Blanke Suid-Afrikaners ook in drie basiese groepe geklasifiseer kan word, en sekerlik ook die rede waarom geen “saamstaan” poging ooit kon slaag nie. Verder was dit ‘n

derde van die burgers wat Die Groot Trek meegemaak het, 'n derde van die Rebelle wat die beste manne onder hulle was (R154), hierdie derde het nog gewere en skietgoed gehad (R160), 'n derde van Blankes het in 1992 "NEE" gestem, en 'n derde van die Blankes sal hierdie laaste stryd oorleef (Sag.13:8).

1. **Boere:** a) Suiwer Blankes met 'n behoefte om onafhanklik en apart van ander nasies te leef. Hulle eerbiedig die Geloftes, heg waarde aan hul geskiedenis en herkoms en het 'n onblusbare liefde vir hul Vaderland b) Onder hierdie Boere is daar diegene wie hul identiteit as direkte afstammeling van Jakob Israel besef, die kerk verlaat het, die Skrifte self ondersoek en op grond hiervan meer regs is as die gemiddelde Boer. Hulle behoort aan geen organisasies en vertrou op geen mens vir redding nie. Dit is ook hierdie groep wat Angus Buchan en sy valse leer sumier verwerp. c) Engelse wat hulle 100% vereenselwig met die Boer se strewe na Vryheid en die Geloftes eerbiedig.
2. **Afrikaners:** a) Die joiners hoofsaaklik van "Cape Dutch" afkoms - ryk liberaliste, vooraanstaandes en predikante onder wie Vrymesselary sterk teenwoordig is b) Die middelklas Afrikaner wat ook geen sentiment of waarde aan die Geloftes heg nie. In die afwesigheid van patriotisme en Vaderlandsliefde word agente en spioene rekrut uit hierdie groep (teen vergoeding) omrede hulle hul kan voordoen as Boere. 'n Gedeelte Afrikaners is nie suiwer geteel nie. c) Die laerklas Afrikaner (white trash) van wie die meerderheid nie opreg geteel is nie.
3. **Engelse:** Liberaliste en Boerehaters.
4. **DIE STRAFGERIG:** Die oorlog wat kom sal dien as smeltkroes, 'n eenmalige proses van strafgerig en uitdelding waartydens die volk gesuiwer sal word van sonde en onsuiver bloed (Jes.4:3-4). Maar Jahweh weet wie Sy skape is en sal vergifnis skenk aan diegene wat Hy laat oorbly (Jer.50:20): *Die toornloed van Jahweh sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van Sy hart. Aan die einde van die dae sal julle dit verstaan Jer.30:24, (die wat genade vind sal deur die swaard vryraak 31:2), en: "In 1914 met die Rebelle het ons deur 'n sif gegaan. Dié keer gaan ons deur 'n smeltkroes" (S173).*
 - "Maar ons volk slaan nie ag op waarskuwings nie, ons sal ongewapen wees en verdeeld" (S123).
 - "Ek sien die Boere se hoede hang oor hul oë en hul koppe hang laag. Ek sien hulle het kolle op die oë wat soos pêrels lyk (sien nie wat aangaan nie). Dan sien ek Hosea 4:16 voor my verskyn: *Want Israel is wederstrewig soos 'n wederstrewige koei; nou sal Jahweh hulle laat wei soos 'n lam in die oop veld (onbeskud en sonder herder)"*.
 - "...vir die wat weet wat gaan gebeur sal dit nie so erg wees as vir die wat nie weet nie" (S132).
 - "Vir die opregtes in die Boerelaer sal dit wees soos 'n tweede Bloedrivier maar van geeneen sal 'n drupel bloed gestort word nie" (S214).
 - "Die verdeelde volk sal eers saamstaan wanneer die kielhouer (oorlog / smeltkroes) oor ons gaan" (S196).

Geen kerk, vriendelike Engelsman, organisasie, beweging of “saam staan” poging gaan intussen ons lot verander nie. Die kerk was teen die Groot Trek gekant (die hele Laer was onder sensuur tydens die Bloedriviergeloofte), asook teen die Rebelle, en sedertien goed ingespan om ‘n skuldgevoel by Blankes te kweek oor hul herkoms en identiteit.

Wanneer Siener homself gesien het, dan was dit sy volk (S83). Die Hervormde Kerk het Siener destyds onder sensuur geplaas, en dit is presies die situasie waarin die volk hom vandag bevind – verwydered van die kerk wat geen leiding bied nie:

- “Naby my huis is ‘n kerk maar geen predikant nie (die kerk is nog teenwoordig maar geestelik dood). Die waens staan in twee rye” (die volk is verdeel S138).
- “In die kerk sal dinge ook baie deurmekaar wees” (S13).
- Daar was spanning tussen Siener (volk) en die kerk (S76).
- “Niks sal in die land reg wees nie, ook nie in die kerk nie” (S182).
- “Die Boer verlaat die kerk en soek sy heil in die Hoër Hand” (S173 en S273).
- *Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie...julle hardnekkiges...die gesonde leer nie verdra...en ‘n menigte leeraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede...en die oor afwend van die waarheid...Hand.7:47-51.*
- Die herders het geen medelye met hul skape en voel nie skuldig oor hulle doodgemaak word nie, en is net besorgd oor geld (Sag.11:4).

En van die dominees en pastore sê Eseg.34:1-8: Hulle verskaf net aan hulself weiding, eet die vet en bekleed hulle met wol maar die skape laat hulle nie wei nie, versterk die swakkes nie, die wat weggedryf is bring hulle nie terug nie, wat verlore is soek hulle nie, die skape is verstrooid omdat daar geen herder is nie en daarom die voedsel van die wilde diere (swartes) geword het.

Waar wil julle nog geslaan word? Julle land is ‘n wildernis (beteken omkering deur vreemdes) ...vreemdes verteer julle landerye in julle teenwoordigheid...en die Dogter van Sion het oorgebly soos ‘n kermpie in die wingerd Jes.1:5-8. “Daar is drie dinge wat God gebruik om n volk tot inkeer te bring: Dis droogte, sprinkane (swartes) en oorlog.” (R224). En: Jahweh het dus geen haat teenoor Sy volk nie maar straf hulle in liefde Heb.12:6-8. Sion sal deur strafgerig verlos word Jes.1:27.

Ons land se politiek word vanaf Verwoerd se slypmoord beheer deur die CIA (en op sy beurt deur die Bilderberggroep, Council of Foreign Relations, Nights of Malta ens), en MI6. Ons bevind ons tans in die finale fase van die hierdie NWO agenda vir suidelike Afrika, en word die klimaat nou geskep vir gebeure wat moet volg. Eseg.20:15 bevestig dat die land van melk en heuning wat vir ons gegee is, ‘n sieraad vir die ander lande is.

Met die kaping van die ANC deur die Guptas (die geel wiel S333, en die man uit die Ooste met die blink horlosieketting wie die man in die suide om die lyf vat S235), het die CIA tot ‘n mate beheer oor die regering verloor en is die DA (met ‘n nuwe swart gesig), Solidariteit, Save SA,

Corruption Watch, R2K, Helen Suzman Foundation, FW de Klerk Stigting, kerkgroepe en ministers uit die ou bedeling ingespan om die agenda weer op koers te kry. Hierdie groepe wil die klimaat skep (met onluste en stakings) waarin 'n regering van nasionale eenheid gestig kan word. Van hulle word deur George Soros befonds, en ander uit Britanje (terwyl die EFF nog altyd deur MI6 befonds en gestuur word). Al die toutjies word egter van agter die skerms deur die Joodse geldmag getrek. (Die wat sê dat julle Jode is en nie is nie Op.2:9 en 3:9). Die VN het ook stilletjies die land ingekom: "In die Noorde, baie ver, kom 'n man op 'n skimmelperd na die suide en raak dan weg" (S278).

Met die bekendmaking van die Guptas se toegang tot SA Militêre Intelligensie, moet ons vra of hul betrokkenheid by ons politiek uitsluitlik om persoonlike finansiële gewin gaan: "'n Klein koelie staan op en word 'n groot koelie" (S354), en: "...die vuilgeel perd voorspel moeilikheid met die Indiërs. Uit Indië kom 'n geweer so na aan my dat ek in die bek van sy loop kyk" (S359).

Die volgende gesigte het dalk betrekking op die DA:

- "Aan die oostekant van die Unie staan 'n wit perd (wit party), eers kon hy nie staan nie sy knie was slap, maar naderhand staan hy regop en kry swart kolle (ontvang swart lede), toe is hy swartbont. Toe is hier swart basterskape (Jingo's / Verengelsde Boere) en mofskape (oudministers) deurmekaar en toe trek bruin basterskape (kleurlinge) na die ooste en die mofskape na die weste" (S337).
- En oor die ou wawiel (ou regering) wat kom uit die rigting van Oos-London en PE het Siener gesien: "Eers slinger dit baie, maar dan kry dit koers en verloor 'n speek (Zille) en dan verloor dit 'n velling en algaande word dit 'n nuwe wiel. Die wiel kom en rol tot by Vereeniging en 'n petrolfabriek (Sasolburg) waar dit gaan lê" (S158 Hierdie liberale gemors hits dus die swart massas van agter die skerms aan).

Die geel wiel sal wel spoed verloor en omval (S297 en S334), die oudministers (leuningstoele) weghardloop (S316), en die EFF (of Malema self) sy stryd verloor teen die ANC ("Die twee wat stoei. Die een met die rooi jersey val onder" S314).

- "In die Unie is die wêreld omgeploeg (deurmekaar) en 'n klomp mofskape (oudministers) trek Johannesburg toe, tussen hulle is 'n swart skaap" (swart minister – Mbeki S241).
- "Die varke (kapitaliste) in Johannesburg sal, in samewerking met die Boere se vyande oorsee, sy eiendom van hom wegneem. Maar dit sal hulle niks help nie, want die Boere sal, deur ingryping van Bo, weer die mag verkry. Ook sal al die myne en minerale staatseiendom word en al die ou Republikeinse plase val terug en word onder my volk verdeel" (S174).
- "Julle moenie julle grond verlaat of verkoop teen 'n weggeeprys nie. Want soos die Heer ons by Bloedrivier uitgered het, so sal dit weer wees" (S170).

"Hierdie tyd sal saamval met 'n instroming van swartes uit oos-Afrika. Planne word in die geheim gemaak om ons volk te vernietig en swartes word bewapen deur die kommuniste. Al

wat Afrikaner is sal bymekaar moet staan. Hulle sal in die geheim na ons hawens toe kom en hits die koelies, basters en swartes teen ons aan. Daar is oral spioene" (S205). In 'n soortgelyke visioen het hy ook gesien: "Die Engelse, Jode en Jingo's hits die koelies, basters en swartes op teen ons. ...In Engeland word alles in die geheim vooraf gereël tussen daardie regering en die leiers hier, om op 'n gegewe tyd en moment, hulle troepe hierheen te stuur om hulle hier te help teen ons" (S204).

Stakings, opstande en versperrings van hoofroetes is bloot oefenlopië, terwyl die massas glo hulle betoog teen dienslewering, fooie of salarisverhogings. Die onlangse betogings in Noordwes kan dalk aan die volgende twee gesigte gekoppel word:

- "Uit Rhodesie sien ek 'n slang aangeseil kom, maar ek sien nie sy kop nie, hy seil in die lang gras (in die geheim). By Mafeking vertoef die slang 'n bietjie (interessant dat die ANC Zimbabwiese soldate blameer vir die opstande in NW), maar dan gaan hy ook na Vereeniging en rol hom daar op sonder dat ek sy kop sien" (S158).
- "Die slang sal sy kop vir die eerste keer by Vereeniging lig (waar die swart oorlog begin), en dan sal ons eers weet wie hy is" (S160).
- "Maar solank as wat die slang daar lê, baklei ons volk onder mekaar soos nog nooit tevore nie..." (S128).

5. LANDWYE STAKING EN SWART OP SWART OORLOG: Die staking is die begin van 'n opeenvolging van gebeure wat tot groter dinge sal lei" (R91). Dan sal "dinge baie vinnig en onverwags" plaasvind. Gebeure wat hierop volg sal in 'n baie kort tyd afspeel, en selfs mekaar oorfleuel. 'n Groot kragonderbreking sal aanleiding gee tot hierdie landwyse staking wat totale anargie en 'n swart op swart oorlog sal ontketting. "In die rigting na Johannesburg lê 'n groot klomp droë hout van omtrent honderd tree in die rondte. Daar staan 'n tafel gedek en daar is koue gestampde mielies in 'n skottel, en 'n skottel koue pap kom op die tafel. In daardie tyd staan al die treine in die Unie, al die motorvoertuie staan. Al stukkie treinspoor in die Unie wat loop, is die een van Prieska. Daarmee kom ons kanonne en gewere van Luderitzbaai" (S189).

Hierdie staking is die "**donker tyd**" waarna Siener verwys het, "en wanneer dit begin sal daar moeilikheid met die koelies en swartes wees, behalwe ook die moeilikheid oorsee..." (S143). Hierdie staking sal die oorlog aan die Oos-Rand inlei (S143), wanneer die slang sy kop in Vereeniging lig. Wat die Indiërs betref in hierdie tyd het hy gesê: "Ek sien 'n dik, swart vet perd (moeilikheid met die swartes – 'n sterk mag) en daarna 'n vuilgeed perd. Uit Indië kom 'n geweer so na aan my dat ek in die bek van die loop kyk" (S154).

- "Op die delwery is klaar uitgehaalde waste maar mense is almal weg. By Johannesburg is 'n groot hoop grond maar nie een mens te sien nie. Die diamante is uitgehaal maar niemand is meer daar nie. Die treine en die motorkarre staan op die bulte omdat daar nie brandstof is nie" (S187).
- "Die groot pot pap is leeg (winkels is leeg). Die sprinkane wat van die westekant (Soweto) kom en hardloop oor 'n rooi pad" (EFF of gedryf deur kommunisme S312).

- “In hierdie tyd sien ek in Johannesburg ‘n baie groter staking as wat daar in 1922 was en al die treine in die Unie staan, behalwe die trein tussen Prieska en Duitswes. Daarmee kom ons kanonne en gewere van Luderitz” (S188 en189).
- “Wanneer die eerste reëns uitgesak het en die gras vry algemeen begin groen raak, kyk dan na die parlement, want daar gaan die moeilikheid begin...” (S201).

Wanneer die swart oorlog goed op dreef is, sal die klomp die teken ontvang om te verenig teen die Blankes. In die afwesigheid van krag en telekommunikasie sal hulle van rookkolomme, bestaande uit drie kleure, gebruik maak: Swart (roep swartes bymekaar) bruin (onbekend) en wit (val Blankes aan). Wanneer een gebied die rook gewaar, sal dié op sy beurt aanstreek, en so sal die boodskap binne drie ure dwarsoor die land versprei. In Siener se gesig oor die vlug uit Zim en die swart os wat hierheen kom, sien hy ook: “Die vlam met die wit rook kom na die kop” (S297).

In hierdie tyd gaan ons nie alleenlik teen swart massas met pangas en AK47’s te staan kom nie, maar ook die land se veiligheidsmagte, die Zimbabwiese weermag en lugmag en Britse magte. (Vir die wêreldmagte is dit belangrik om hul grootste struikelblok, die witman, hier uit te roei. Die swart massas, weet hulle, sal mekaar uitroei en die oorblywendes van die honger omkom).

Hierdie staking, (wat sal oorspoel na Namibië S188), sal tot gevolg hê dat tronkdeure fisies oopgemaak moet word: “Die tronkselle is almal oop en die draad hang vol uitgewaste klere (dit gebeur onverwags), misdadigers is losgelaat en baie van hulle beklee bevoorregte posisies. Aan die noordekant (Zimbabwe) is swartes wat met gewere gewapen is, maar ek sien net hulle bene” (S185).

- “In dieselfde rigting wat die slang geseil het (vanaf Zimbabwe na Vereeniging) is toe ‘n geweldige vuur onder een wilgerboom (Boerebelang). Ek en Niklaas (Boere) staan met dubbelloophaelgewere en mik op Johannesburg (parraat). Toe kom baie mofskape (ministers) af van Johannesburg se kant af” (S342).
- “Maar solank die slang (vanaf Zimbabwe) daar lê (op Vereeniging) baklei ons eie volk onder mekaar soos nooit tevore nie. Intussen druk ‘n rooi balk op ons volk neer, en wanneer die bakleiery op sy heel ergste is, val daar ‘n paar ysterklippe (bomme) op Johannesburg. Dan eers skrik die volk wakker en begin bymekaarstaan, en net wanneer dit gebeur, breek die rooi balk en die slang pik skielik oor (Zimbabwiese weermag) na SA” (S128).

6. DIE MAN IN DIE BRUINK PAK EN DIE VRYSTAATSE OPSTAND. Terwyl die volk wag vir hierdie man om hulle te kom lei, het Siener self gesê: “**Ek is nie seker nie**” of die man met die bruin pak as president gekies word nie (R225). Volgens De la Rey se seun Adriaan, was dit slegs Siener se mening (S214). Boy Mussman het ook verklaar: “**Hy (Siener) het nie gesê** dat die man met die bruin pak klere juis die president gaan wees nie. Bruin is ons volkskleur” (S194). Verder is dit ‘n “**onbekendes persoon**” wat die Boereveldskoen aantrek (S331).

Baie van die hedendaagse Afrikanerleiers beweer dat hul die man met die bruin pak is, (een het tot vir hom 'n bruin pak aangeskaf). Interessant dan dat Siener gesê het: "Byna al die verskillende groepies en organisasies wil 'n aandeel in die nuwe Republiek hê" (S193).

Hy is beskryf as 'n groot geboude Boer, asook 'n groot geboude Engelsman, met 'n wit baard vanaf die Oostelike provinsie (Natal). "Toe staan in die ooste kant 'n man met bruin klere (S340)". Die bebaarde man met die skyn van patriotism wat Siener (die volk) wou betrek by 'n opstandsbeweging: "Ou vriend, jy kom met 'n Boer se bos baard maar met 'n Engelse hart na my toe" (S42).

Siener het vertel dat Engeland vanuit Natal 'n groepie Boere bewapen in die Vrystaat, en dat die man met die bruin pak hierdie opstand sal lei. Hy bring die manne dadelik weer tot bedaring voordat 'n druppel bloed gestort word. Die doel agter hierdie "opstand" is bloot om die media 'n storie te gee van 'n beplande staatsgreep, wat krygswet sowel as 'n aanslag op Blankes sal regverdig. NI is in besit van ledelyste van elke organisasie en beweging, en padblokades sal gebruik word om hierdie mans, wat dan 'n "bedreiging" inhou vir landsveiligheid, te arresteer. (Net voor die Rebelle is De la Rey in 'n padblokade doodgeskiet wat kamtig opgestel is om die Vorsterbende voor te keer R135).

"Die Engelse loop na die Weste en hulle dra die roer op die skouer. Toe is ek langs een groot wit huis (parlement) en daar is baie mense aan die oostekant van die huis maar hulle is sonder hoede (nie ministers of leiers nie, die opstandiges). Toe kom daar in die oostekant 'n lig uit soos in die driejarige oorlog (opstand), maar daar is net of daar enkele wolkies voor is want hy is nie heeltemal helder nie (daar kom niks van nie). By Pretoria is een klomp perskebome en die boompies raak weg (geldskaarste) dat dit een kaal plek is soos 'n vloer" (S335 Snyman reken dat dit betrekking het op ons pensiofondse).

- "Aan die Oostekant (Natal) is mistige weer (geheimsinnig) en 'n nuwe roer kom uit na my met die kolf na voor. Op die delvery is klaar uitgehaalde waste maar die mense is almal weg" (dit gebeur tydens die groot staking S187).
- "In die Ooste (Natal) staan 'n huis en 'n vrou hol uit die huis uit (die man se vrou los hom). Toe is daar een klein gaadjie en die sweep gaan in die huisie in (hy word rekrut vir die taak). Toe is daar donkies (Boere) voor 'n geel kar (verraad) en gaan deur 'n moddervlei (lokval) en naderhand is dit een lang span esels voor 'n wa en die wa is gebriek maar die esels trek die wa deur (S346)."
- "Engelse waens kom van suid (Durban) na oost met swart muile (hulle gebruik die regering se gevangensdiens om dit te vervoer). Die muile loop met die waens agteruit (in die geheim). Die Engelse sit op hul perde met hul gewere en kyk noordoos (na Pretoria) en raak weg (S349)".
- "Die gras is hoog en groen en dan verdroog dit (winter) en toe is daar rinkhalshonde en die kruip in een gat (geheimsinnig). Mense gaan te perd van die Ooste (Natal) na die Weste met die Vierkleurvlae en tussen hulle is rooi vlae (kommuniste) ook" (opregte Boere word mislei om hieraan deel te neem onder die vaandel van die Vierkleur S339).

- “Ons nasie gaan vry word. Ek sien hulle trek ver na die binneland waar hulle in groot massas saamdrom, ek sien party gaan na die weste waar hulle rusie maak en rewolusie tussen hulle uitbreek, maar alles geskied sonder bloed te stort. ‘n Man met ‘n wit baard bring hulle tot bedaring en stel hulle tevrede (S277).
- “Een klomp springbokke (Boere) wat so maal. Die Engelse kom terug met die gewere agterstevoor (bewapen die Boere). Die mielielande is baie en die mielies is klein, omtrent ‘n voet en ‘n half (mielies is simbolies van Boere, kan ook dui op ‘n klomp klein groepe, of die tyd van jaar). Baie swart kraaie (verraaiers). ‘n Bult (stryd) met ‘n kom waar een put (gevaar) is. Toe is die gras wit, toe word dit lewendig en word dood (betrekking op opstand wat gou oor is S317)”.
- “In die Vrystaat lê ‘n bruin slang (Boere in die geheim) opgerol hy lyk lank maar nie dik nie.” (S346).
- “Die messie se hef is na my (volk) kant toe (Boere word bewapen), die heffie is geel (verraad) en toe gaan die heffie toe. Ek gaan met trappe af (geheime vergadering) en toe kom ek in ‘n kamer waarin ‘n paar Engelse is.” (S313).
- “Ek sien ek is buitekant die traliedeur. Voor my is ‘n bord kos (belofte, iets uitlokliks). Ek ry en sien baie water langsaan, en ek kom by ‘n huis waarvan die mure net klaar gemaak is (‘n nuwe plan). Ek sien ‘n pienk gordyn (“rooi skynsel” teken van kommunistiese betrokkenheid). Die groot Engelsman haal sy patroonband af.” (S292 Daar is ‘n bontkoraan [verraaier] tussen ons” R148).
- “Die Engelsman met die geweer raak weg. Ek sien ek is by die huis en ek het rooi skoene aan (burgers is mislei deur ‘n kommunis” S292).

Die man in die bruin pak stel in ons tyd genl. Kemp voor, en nes Kemp destyds, glo hy hy gaan leier van die Boerevolk word (R156), en wanneer die “tronkdeur” vir hierdie opstandiges oopgaan (besef hulle is in ‘n rokval gelei), sal daar ‘n mislukkete slypmoordpoging op hom wees (S83). “Donker (tydens landwye staking). Die mense maal so. Die geel papier (propaganda) wat vol nuus is. Die geel papier en die letters word skoon” (die waarheid word bekend S305). “Daar het ‘n swart muil (tronk owerheid) aan my mou gelek, en ek moes deur ‘n digte doringbos gaan (worstel en lyding), maar ek (volk) het anderkant uitgekome” (R181).

“Die leuningstoele (oud ministers) wat so van die Noord Ooste af kom. Die veldstoeltjies is alles daar buite (Buchan se Bloemfontein saamtrek). J. Smith dra ‘n maer veldstoeltjie (stoel simboliseer ‘n troon) agter sy rug” (ons kan dalk die afleiding maak dat die man met die bruin pak nie net homself as leier beskou nie, maar ook ‘n Engelse van het S311).

Maritz het per geleendheid gesê: “Kemp, skaam jy jou verdomp nie? Toe jy uit Transvaal gekom het, het jy nie jou broek gaan losmaak nie, of Siener moes jou pad sien. En vandag behandel jy hom so? Daar is vir jou niks anders te doen nie. Want met die klompie mense wat jy na die geveg nog oor het – al is hulle hoe dapper en hoe goed gewapen – kan jy die Unie nie verower nie” (S96).

Vorentoe sien ons dat die man met die bruin pak teenwoordig is by die Lichtenburg Geloofte. Die wit (heilige) doek gee 'n rooi skynsel (daar is 'n kommunist teenwoordig). Hy is ook teenwoordig met die ontvang van die Duitse wapens by Prieska, en die burgers is ongelukkig oor sy teenwoordigheid. Dit is die laaste wat ons van hom hoor, want ons het reeds gesien dat die groot Engelsman sy patroonband afhaal na die Geloofte S292).

7. DERDE WO: *Die met die swart perde (swart immigrante) trek uit na die land van die noorde (Europa), en die wittes trek uit agter hulle aan (daar kom rasseoorlog), en die bontes (VN) trek uit na die land van die suide. En toe die sterkes uittrek, het hulle begeer om weg te trek om die aarde te deurkruis... Sag.6:6-7.*

“...die werkstaking net die begin is van die saak, maar dat die groot saak sou wees wanneer die vuur in Europa begin” (S107). Siener het vertel dat 'n verskriklike ding in Europa sou gebeur, en dat Augustus die maand sou wees (R185). Hierdie laaste oorlog begin in **Oos-Europa** tussen Amerika en Rusland: “In Europa vlam 'n vuur baie groot eers na die noord-ooste en toe draai die vlam suid” (Rusland reageer), en: “'n Vuur brand in Europa aan die oostekant. Na die vuur trek Engelse (VN) waens”.

Die hele Weste en Amerika is ingespan teen Rusland (huidiglik die mees demokratiese land), om Kommunisme ('n Joodse uitvindsel) weereens daar te vestig: “Rusland sal ondergaan in dieselfde tyd wanneer die Boer se laaste vryheidstryd gaan begin. Maar spoedig daarna sal die sekel, die simbool van die Kommunisme, weer in die Weste en in Rusland herleef en dan sal dit veel erger gaan as vantevore” (S150). In hierdie verband sien Siener 'n seepot (onluste) in Rusland en 'n onsaglike burgeroorlog (S157). “Toe is daar rooi beeste (kommuniste) met twee witrug voorosse (gelei deur Amerika) en daar is 'n klein kaffertjie (Obama) voor hulle” (S252). Hierdie NWO agenda (onder die vaandel van demokrasie) word intussen voorgesit deur Trump wie 'n handlangster van die Zioniste is.

'n Gedwonge bondgenootskap tussen Amerika en Duitsland maak dat Amerika ons nie mag aanval nie. Hierdie bondgenootskap vind vroeg in die oorlog plaas, want die vyf oorlogsskepe wat die nuwe Duitse regering stuur na Luderitz is deel van die Amerikaanse vloot (S204). Siener het verder vertel dat Engeland die Weste se militêre geheime aan Rusland verklap (waar 'n kommunistiese oorname intussen sou plaasgevind het), uit vrees vir 'n atoomaanval. Die Weste vind dit uit en draai teen haar. (“Dan kom daar 'n oorlog tussen Engeland en Duitsland en daardeur sal ons weer ons verlore Vryheid kry” S81). “...by die finale vrede tafel sit die Duitsers aan die kop van die tafel” (S210).

“Ek het 'n donkerte oor die wêreld sien toesak. Dis 'n donkerte waarin baie nasies sal ondergaan. Oorlog gaan miljoene lewens vernietig. Maar in die nasleep van die oorlog sien ek 'n floers (lanferdoek) oor die wêreld neerdaal (Nibiru / Alsem - Armageddon), 'n duisternis waarin alle volke sal jammer en bid, ek sien die sekel van die dood maai miljoene af. Dis 'n verskriklike siekte en meer mense gaan dood as al die veldslae van die oorlog” (R99 Nibiru word aan die einde van die dokument bespreek).

Ons oorlog sal begin na dié in die Noordelike halfrond, maar sal eerste verby wees om Blanke gelowiges van oor die wêreld kans te gee om hierheen te kom: “Ons gaan laaste in die ding maar kom eerste daaruit” (S146).

8. DUITSE LEIER: Die troon van Dawid wat nooit sal ontbreek nie (1 Kon.8:25 en Ps.89:4-5), wat intussen vervalle is (Amos 9:11), versteek en bewaar is vir **350 jaar** (Op.12:13-14 en Dan.12:7 vanaf ons volksplanting) word in ere herstel (Amos 9:11):

* *Kyk, daar kom 'n man wie se naam is Spruit, en hy sal uit sy (verborge) plek uitspruit* Sag.6:12.

* *Want Jahweh het SION UITVERKIES...daar sal Ek vir Dawid (Juda) 'n horing (koning) laat uitspruit* Ps.132:11.

* “Toe is hier 'n klein **seuntjie** (AFSTAMMELING) en 'n kombers kom oor hom (word verberg), die oortreksel (troon) is stukkend (vervalle) maar skoon” (suiwer Ps.132:11).

* “Die president lê onder een kombers toegemaak (verberg), die oortreksel is stukkend, maar die kombers is skoon” (R225).

2 Kron.2 vertel dat hierdie nasaad van Dawid die Boerevolk kom help weens die ooreenkoms van Salomo met Hiram. Die (1914) traktaat wat Hiram (Maritz) die koning van Tirus (Boerevolk) oorhandig het aan Salomo (Goeweneur) lees dat hy Salomo (Duitswes) se koningskap erken (v11). Salomo wil ook “toebereidsels” (opregtes) stuur vir die bou van die nuwe tempel (Verbond). Hy stuur manskappe (***die sewe raadsmanne van Esra 7**) en laat Hiram (Boere) weet dat hy hulle kom help omrede hulle sy vader bygestaan het (v1-3). Salomo vra Jahweh om vir hom 'n persoon van bevoegtheid te stuur (tydelike militêre leier), asook vaardige manne van elders saam met die in Juda. Salomo stuur koring, gars, wyn en olie (v7-10 “Die Duitsers se waens trek wes vol graan sakke gelaai” S328). Die afstammeling van Hiram is verheug oor die koning uit Dawid (v12). Hy is die seun van 'n vrou uit die dogters van Dan (Duitsers) maar wie se vader 'n man van Tirus (Boer) is.

Hierdie Juda-leier se **moeder is 'n Duitser en sy vader 'n Boer**. Die stam van Dan het 'n nomadiese karakter gehad en die gebied wat aan hom toegeken is verlaat. Sy grondgebied is toe ingeneem deur Germane (Judeërs) wat plekname, embleme ens geërf het. Die gevolg is dat die Duitsers deur die eeue heen verwar is met die stam van Dan. Hierdie feit word eers in die eindtyd bekend, want intussen moes “Ger” (beteken rasegte ongelowige) gestraf word en Esau (Edomietese Jode) op sy erfreg aanspraak maak. Ps.132:11 bevestig dat die Duitsers Judeërs is en hierdie koning van suiwer Juda-saad is.

Hierdie man is volgens die profesieë gebore in die land suid van die riviere van Kus (wat Namibië insluit), en op a stadium Duitsland toe: (Die seuntjie / troonopvolger word vir 350 jaar vir Satan weggesteek, en spruit dan uit sy plek uit kort na 2002). “'n Groot seepoot (moeilike) staan op die vuur, 'n kindjie van een jaar kruip (vertrek in die geheim) na die Weste (Duitsland) onder 'n bank in” (S348). En: “Daar is een van ons wat 'n rukkie na die groot klomp (die wat eerste wakker geword het) uitkom. Hy het 'n grys baard en hy dra 'n Boerestoel (troon) in sy regterhand. Hy glip vining by hierdie jaart se deur uit” (R193).

Siener het 'n man in Europa sien staan met 'n blou pak klere aan (S341), en in 'n ander visioen sien hy weer 'n man met 'n bruin pak klere (S254), dus 'n Duitse Boer:

- “In Europa... By 'n wa is daar 'n groot (belangrike) man met 'n vaal (Duitse) jas en toe gaan sy jas oop en toe het hy 'n bruin pak klere aan met blink knope” (S343).
- “Ver in Europa kom 'n baal uit en gaan eenkant oop en daar is nuwe bruin klere in” (S354).
- “Ek sien ek is tussen die Duitsers...baie plesierig (na die staatsgreep daar) ...die man met die swart hoed (leier) kyk hierheen” (R293).
- “Die blou wa wat lankal daar gestaan het, is nou nuut en trek na die suide” (S308).

Lukas 19 vertel van Saggeus, 'n ryk man en klein gebou wat in die wildevyboom (Juda is die wortel, die res van Israel elders in die wêreld verteenwoordig die wildevyboom Rom.11:16-26) geklim het (van hieraf na 'n Europese land), om Jahshua te kan sien. Jahshua sê: *Saggeus, maak gou en klim af* (kom terug uit Europa) *want Ek moet vandag in jou huis* (nuwe Jerusalem v28) *kom woon*. Saggeus sê hy gee die helfte van sy goed (wapens, strydwaens en voedsel) vir die armes (Boerevolk), en Jahshua antwoord: *Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom*. Saggeus, 'n man van hoë geboorte (Juda Ps.89:28) *het na 'n ver land gereis* (Duitsland) *om vir hom 'n koningskap te ontvang* (staatsgreep uitvoer) *en dan terug te kom* (V12):

- “Ek sien 'n gedraaide blou hout (Duitsland) met sekels aan (oorlog), 'n kameeldoringboom met baie as onder en 'n man wat in 'n boom klim” (S303).
- “Groot blou waters, kurkproppe (oorlogskepe)...anderkant die water 'n groot (belangrike) man. Hy bly nie daar nie, hy bly in ons land...mooi aangetrek...goue knope (ryk) en goud (suiwer Judeër) op sy hoed (leier)...lang swaard (militaris)...kom terug” (R127).
- Siener sien onder 'n wit seiltjie 'n jong Duitser in sy volle oorloguitrusting, en sê: “Broers die wit seiltjie (beskerming) is oor ons” (R258).

Vergadering in Namibië: 2 Kron.1: Salomo, die seun (afstammeling) van Dawid het hom versterk in sy koningskap (uitgespruit) en met die oewerstes van elke regering in Israel gespreek (**Esra 7, die *raadsmanne**, 'n afvaardiging van sewe Europese lande wat die Boer se saak goedgesind is). Hulle het vergadering gehou by Gibeon ('n dorp in Namibië. Hierdie vergadering het in 2008 plaasgevind). Salomo (hierdie afstammeling) het die ark van God laat bring (die twee getuies), want hy het 'n tent in Jerusalem (SA) daarvoor opgeslaan (vir die Verbond v1-4). Hy ontvang wysheid en kennis en is baie ryk (v12). Hy is van Gibeon (Namibië) en word koning oor Israel (v13). Hy het strydwaens en soldate versamel en dit opgestel vir die koning (tydelike militêre leier wat by Prieska aangestel word) in Jerusalem (via Luderitz). Die strydwaens en soldate is gestuur met 'n wa (trein) wat betaal is deur die Hetiete (swart regering) en Aram (Engelse v14-17. Ons lees ook in 2 Sam.20:8 dat 'n oorblyfsel van die Amorieite, die houtkappers en waterdraers, by die groot klip by Gibeon woon).

In hierdie verband het Siener die volgende visioene gehad soos vertel deur Boy Mussman:

- “Siener sien vorentoe ‘n sloot (gevaar) oor ons pad ...ons (die vertrouelinge – Boere met wie die Europese afvaardiging vergader het) ontvang Duitse mausers in Duitswes, maar hulle het wit punte (die belofte van militêre bystand). Siener (vertrouelinge) groet Genl. Maritz waar hy op sy blouskimmelperd (dus ‘n Duitser) sit in Duitswes” (S83).
- “Siener sien die volk (vertrouelinge) van drie punte in die land af weswaars trek na ‘n plek waar hulle aaneensluit. Daar ontmoet hulle Manie Maritz se kommando in vaal uniform (Duitsers). Die manne aan die hoof van die kommandos hou ‘n samespreking oor ‘n blou dokument” (S77).
- “Ek sien spanne osse uit die verrenoorde van Europa afkom na die suide, elk met twee blou voorosse” (S122).

Esra 7 vertel dat Artasasta (Juda koning), die priester Esra (Elia – word vorentoe bespreek) stuur na Jerusalem om die diens van Elohim te herstel. Hy kom in die land aan tesame met **sewe raadsmanne** en vrywilligers om ondersoek te doen oor Juda en Jerusalem (v13-14). In die vyfde maand (September) in die sewende jaar (2008 – ses jaar na die 350ste herdenking van ons volksplanting) van die koning (v8 die koning word vir 6 jaar verberg en in die 7de jaar maak hy hom aan ‘n paar bekend). Die koning stuur ‘n afskrif van die brief (Traktaat v11). (Esra 20:1 sê manne uit die oudstes van Israel het aangekom op die 10de van die vyfde maand [Joodse kalender] om Jahweh te raadpleeg):

- “Waens wat aankom. Een met twee blou voorosse draai hierheen...” (S298).
- “Ek sien twee manne met ‘n wit vlag (Vredesverbond / “ark”) kom. Hulle bring ‘n brief...” (S274).
- “Toe ontmoet ek Genl. Beyers (Elia) ...’n blou papier kom te voorskyn en uit die papier kom manspersoon te voorskyn” (bekendmaking van die man wat die brief stuur S300).

Ons lees verder in Esra 7 dat hierdie groep mense baie silwer en goud (geld) vrywillig gee vir die huis (volk) van Elohim wat in Jerusalem woon (v15-16). Hierdie huis (vertrouelinge) word opdrag gegee om sorgvuldig met die geld te werk, om bulle, ramme en lammers (voedsel) te koop, en dit op die altar van die huis van Elohim (Verbond) te offer (v17 voorsiening te maak vir voedsel vir die volk van die Verbond en dié [Europeërs] wat daana hierheen kom), want 16:6 en 20 bevestig dat die wat uit die ballingskap kom asook hul broers dit eet). Die orige geld kan hulle aanwend soos hulle goeddink (v18).

Volgens 2 Kon.11 vergader hierdie afvaardiging met ‘n honderd vertrouelinge (Boere) en lê ‘n eed af en vir hulle word die koning se seun gewys (bekend gemaak):

- “Mense met groot bos baarde (opregte Boere) en reistasse in hul hande (van oor die land). Die deur is toe (geslote vergadering). Dit is geel en donker” (tyd van verraad en moedeloosheid S314).
- “Een bos kieries (vertrouelinge) wat klaar is wat uitgaan...” (S317).

- “Die walle van die sloot tussen hulle (raadsmanne) en my (vertrouelinge) kom na mekaar toe en daarna kom ‘n groot skinkbord (aanbieding van hulp) te voorskyn en die olie loop oor die skinkbord” (gesalfde / heilige ooreenkoms S292).
- “Baie doringbome is droog (“doeie” Afrikaners). Die walle van die sloot tussen hulle en my kom bymekaar. Toe kom daar ‘n groot skinkbord te voorskyn en die olie loop oor die skinkbord. Ek sien nog klompies mense waarvan die oë nog toe is” (S307).
- “Ek sien twee kettings wat aanmekaar gehak is (raadsmanne en vertrouelinge) en ‘n groot huis waarin kos is (S303).
- “Maar wat ek nie verstaan nie, is dat ek sien hulle (Duitsers) jaag so uitemekaar weg (keer terug na Europa) van ons en dan kom hulle terug met twee blou perde, twee bruin perde en ‘n skimmelperd, dan is hulle tussen ons” (S89).

Tydens hierdie vergadering in 2008 het die afvaardiging beklemtoon dat die fondse nie vir die aanskaf van militêre toerusting gebruik mag word nie, maar uitsluitlik voedsel. (Dit blyk egter uit Hag.2 of die opdrag tov voedsel nie ten volle uitgevoer is nie).

Ons toekomstige presidint / koning is ‘n Duitse Namibiër, huidiglik in Duitsland waar hy in die geheim organiseer. Na die uitvoering van ‘n staatsgreep (waartydens die vrou met die blou oë uitgehaal word), lei hy die Duitse weermag in Europa. Daarom stuur hy ‘n tydelike militêre leier. Eers aan die einde van ons oorlog, met die sluiting van die Vredesverbond, keer hy terug na SA en word as koning aangestel:

- “Ek sien ek is tussen die Duitsers en hulle is baie plesierig. Die man met die swart hoed (leier) kyk hierheen” (S293).
- “Die komberse is opgerol (wanneer die oorlog verby is hier). Die stoel (troon) met die blou doek om” (S307).
- “Die wit doek wat uitkom (Vredesverbond). Hy het sy nuwe Duitse skoene aan” (S312).

“Die mense is verwonderd oor hom. Hy is nie groot van persoon en ook nie oud nie, met min hare en groot wenkbroue en skerp oë” (S208). Die Skrif beskryf die nuwe koning as kaalkop (2 Kon.2:23), ‘n jongman (Sag.2:4) en klein gebou (Luk.19:3).

Tydens Siener se besoek aan De la Rey het hy die volgende visioen gehad wat ‘n parallel trek tussen De la Rey en die toekomstige koning. “Elke keer as ek jou sien, dan is jy kaalkop...ek sien ‘n wit papier met 15 daarop wat oor Lichtenburg hang (die datum van sy afsterwe) ...Ek sien ‘n groot blou water. Op die water dryf kurkproppe (oorlogskepe)...dan sien ek kleiner voertuigies wat boontoe skiet (torpedo’s) ...Ek sien anderkant die water ‘n groot man. Hy bly nie daar nie, hy bly hier in ons land. Hy is baie mooi aangetrek, het het goue knope aan sy baadjie en goud aan sy hoed. Hy het ‘n lang swaard aan sy sy. Wanneer hy terugkom na ons land toe, sien ek weer die wit papier met die swart syfer 15, en ek sien toe weer vir oom Koos en oom is kaalkop. Die man wat terug kom trek toe sy mooi klere uit, haal sy swaard af en sê hy wil dit nie meer dra nie” (S70 en R126).

9. STRAATSGREEP IN DUITSLAND: Ver-regses, gelei deur hierdie Namibiër, sal tydens 'n Duitse verkiesing 'n staatsgreep uitvoer en die vrou met die blou oë uithaal:

* "In Europa kom 'n strooihoed (leier) uit en toe kom daar 'n vrou met blou oë en sy het die hoed op" (Angela Merkel S238).

* "Ver in Europa in die Noorde staan 'n vrou met 'n rooi rok (kommunis) en voor haar lê 'n sak met geel boondjies" (Islamitiese immigrante S339).

* "Toe kom in die Noorde 'n vroumens uit met blou oë en haar klere is tussen wit en blou (Duits). Net toe sy wegraak..." (S336).

* "In die ooste (Oos-Duitsland) kom 'n vrou uit wat na Wes (Wes-Duitsland) gaan. Sy is swart aangetrek, agter haar is rooi beeste (word deur kommuniste ondersteun) en tussen die beeste is 'n klein kaffertjie (Mugabe, word in die volgende hoofstuk bespreek) en die beeste (Zim weermag) kom reg op my af" (S322).

- "'n Lang ry waens (weermag) wat trek en 'n seuntjie (troonopvolger) slaan die osse (land of regering) so baie (staatsgreep) en dan die ander waens wat uitdraai hierheen" (S297).
- "'n Man in blou klere kom binne met 'n emmer en kwas en begin om die muur af te wit. "Daar sal van die voormanne kom daarom maak julle nou skoon en julle moet julle goed reg hou want dit sal vining gaan" (R187).
- "Die blouperde wat kom en die seuntjie wat hulle slaan en toe kyk die seuntjie vir my" (volk S297).
- "In Wes-Europa kom 'n blou vlag uit nes of hy hierheen wil kom. In Duitswes is 'n garing kraal (regering) wat 'n draai gee (verandering) en toe ry die waens daar na die suide" (S325).
- "Waens met blou seile trek na die suidweste en draai skielik om na suidooste toe" (S326).
- "Groot mandjies (skepe) lê aan die kant van die see in die water. Die blou steen van Europa draai hierheen" (S327).
- "Die blou wa wat lank daar gestaan het is nou nuut en trek na die suide" (S333).

Uit die volgende visioene kan ons aflei dat die staatsgreep tydens hul verkiesing plaasvind, maar ook tydens, of onmiddelik na, die Vrystaatse opstand:

- "Die blou (Duitse) sif (verkiesing) wat van die aarde opkom. Die klipkrale met mense agter die klipmure (in die geheim) en die mense agter die mure gaan met trappe af na onder. Daar is 'n groot huis (parlement) wat hulle met die besem uitvee. Die (tronk) bakkies is skoon gewas. Die Engelsman (man met die bruin pak) met die geweer raak weg" (S292 en S307).
- "Ver in die ooste (Natal) is 'n Engelsman maar hy lê op sy rug ('die Engelsman met die patroonband gaan huistoe' 292) met die blink sterre op sy baadjie. In Europa ...staan

toe 'n blou poenskopbees en is gekniehalter. Toe gaan die kniehalter los en die bees word vet en kry horings" (S345).

- "In Europa ...Toe sit 'n vrou op 'n stoel (troon) op mieliblare (daar is verkiesing) en dit raak aan die brand en raak weg" (S353).
- "Dit is kort voor dagbreek (voor die groot dinge begin). Daar kom blare aan die lug uit (verkiesing), dit lyk soos popelier blare. Hulle was eers net 'n kol en neem toe dat die lug onderlangs vol blare is. Toe verdwyn die blare" (die beplande verkiesing vind nie plaas nie S186).

Die ossewa verteenwoordig die troon: Salomo beskryf die nuwe tempel met vier wiele, en die vorm van die wiel is 'n wawiel:

- "In die westekant van die Unie (SWA) is 'n ou (lank gelede) put (groot elende) en daar lê #garingbalk oor (lank gelede #verandering in parlement). Toe draai in die Noord-Weste van Europa 'n **wiel** (koningskap) in die rondte" (S330).
- "Ek gaan na Europa en gaan oor berge. Toe kom ek by 'n plek en daar lê nuwe mauser gewere onder planke. Toe 'n endjie verder en daar is 'n hoek van 'n huis (parlement) en daar lê twee mense (dood) met 'n laken oor hulle en toe kom grond ook oor hulle. Toe weer 'n endjie verder en toe 'n ding soos 'n horlosie maar met strepe (wawiel) en daar kom die Vierkleur uit met strepe" (S190).
- "Die wiel wat in Europa gedraai het, draai nou in die Unie" (na die Verbond gesluit is S330).

Die nuwe Duitse regering lei die Amerikaanse weermag in Europa: "In Europa trek waens met witrugosse (Amerikaners) voor en daar is 'n **klein seuntjie** voor" (S345). En: "Die gras is baie hoog in Europa en die springbokke (soldate) loop in die gras. Toe kom die Engelse waens uit en daar trek bond perde voor (VN), toe verander die perde in blou perde (Duitsland oorwin). By die wa loop mense en daar is een groot man met 'n vaal jas en toe gaan sy jas oop en hy het 'n bruin pak (Boer) klere aan met blink knope" (S342).

10. DIE DOOD VAN 'N SWART MAN: Dit was destyds die algeme opvatting dat die profesieë oor 'n belangrike man wat sou sterf, en die anargie wat daarop sou volg, op Mandela betrekking gehad het. Duidelik was dit nie Mandela nie, maar dit lyk tog of daar om en by die tyd van die verootmoediging, 'n persoon van aansien sterf. Hy word as grys beskryf, dus 'n geestelike leier. Weens die tydskaal waarin dit plaasvind kan dit nie op Johan Heyns betrekking hê nie, en ook nie op die vriendelike Engelsman wat die verootmoediging gaan bywoon. Die afsterwe van 'n wit man (en selfs Desmond Tutu), sal ook nie die swart bevolking in opstand bring nie. Kan dit 'n leier wees wat swartes bloot as geestelike beskou, soos in die geval van 'n koning of staatshoof? Die klein swarte wat groot word en 'n assegaai bokant sy kop uitstoot (Zuma / Malema?), "verdwyn agter 'n newel" (S277), en kan ons dus nie met sekerheid sê of die assegaaiman doodgaan of bloot uit sy amp verwyder word nie.

'n Stryd om mag kan ontsaan met Mugabe se dood wat dan aanleiding gee tot 'n burgeroorlog. Ons het reeds gelees van 'n vlug van waens hierheen gevolg deur

kaffirassegaai (georganiseerde aanval, hou ook Sjina se betrokkenheid in gedagte), wanneer 'n emmer bloed in die noorde omval:

- “Die rooi (kommunis) muil slaan dood neer, en waens met lusern kom terug (aflewering aan Zim), rooi muile voor en storm verby” (S302).
- “Aan die noorde kom 'n ou stewel (leier) uit, die leer word slegter en naderhand is daar 'n kaal voet” (S347).
- “...Ek sien 'n grys man wat doodgaan. In ons wêreld is wit en bruin perde deurmekaar. Die Boerkoring en kaffer koring skei van mekaar. Ek sien 'n skoongeskeerde jongman wat aankom (getuie). Die sekel is krom (oorlog lê voor die deur). Die waens vlug by my verby (vanaf Zimbabwe) en perderuiters staan in 'n lang ry langs die verbygaande vlugtende waens...” (S301).
- “Ek sien 'n doodskis wat in 'n graf afsak, vure wat uitkom (burgeroorlog in Zim), maar een groot vuur (volskaalse oorlog) wat voor uitkom (die gras wat hierheen brand en die stof wat voor die waens aan die brand slaan en geweld hier aanhits). Nakende (hulpelose) mense verskyn. Oom Niklaas (volk) sit by 'n tafel en hy breek die tert deur (verootmoediging). Dit is donker (die donker tyd - staking) maar silwer letters verskyn op 'n blikplaat” (S303).
- “'n Kort man (Tsvangirai?) wat sê: U sal nog lank lewe dan is u dood” (S303).
- “'n Donker gordyn hang vlak teen my, toe ek dit wegtrek, toe was dit lig en ek sien ek is buitekant (die tronk, volk is wakker). 'n Ry ou waens (begrafnisstoet) kom te voorskyn waarvan die wiele so uit die water uit kom (reëntyd) en op die voorste wa lê 'n man wat kaal (hulpeloos) is. Toe vat 'n ding wat soos 'n gansnek lyk met 'n kop aan, wat hom aan die bors vat (sy dood word gebruik / veroorsaak 'n reaksie). Toe raak dit weg. Toe sien ek enkele springbokke. Die komberse is daarbuite opgerol (reg om te onttrek). Die mandjies (gelowiges) is ook daarbuite en my skoene ook” (S311).

Ons het reeds gelees van die klein kaffertjie tussen rooi beeste (kommuniste), wat reg op ons volk afkom in die tyd wat 'n vroueleier in Europa uitgehaal word (S322):

- “In Europa...sit 'n vrou op mielieblare (daar is verkiesing) en dit raak aan die brand en raak weg... Toe hardloop 'n klein kaffertjie en spring in 'n put” (graf S355).
- “In Europa kom 'n papier uit (Traktaat) wat opgerol is, 'n hand rol hom oop. Toe is hier 'n klein seuntjie en 'n kombers kom oor hom, die oortreksel van die kombers is stukkend maar skoon. 'n Klein kaffertjie kom uit en daar kom sakke om hom dat net sy kop uitsteek” (S350).

De la Rey se dood het nie aanleiding gegee tot die 1914 Rebelle nie, in teenstelling met hierdie man wie se dood 'n “groot vuur” (oorlog), veroorsaak wat hierheen sal brand:

- “Hy sien iets soos 'n groot motorcar met 'n groot tent (lykswa) en wit rose op die tent. Toe kom genl. De la Rey daaruit. Toe hoor hy sê: Daar is genl. De la Rey met die motor.

Toe volg daar makoue (vlugteling uit 'n buurland). Toe staan 'n sak mielies wat oop is (Boere) en ook 'n sak droë gras (opstand en onluste" S299).

- "Staan 'n beeld van 'n swarte en hy sak agteroor (gaan dood) en sy mond gaan groot oop (die nuus van sy dood kom uit) en 'n gans kom by sy bek uit en vlieg na die Ooste (Sjina wag vir hierdie tyding om Zim weermag oor te neem). Toe kom 'n ander groot voël met 'n gesig van 'n mens (Elia die getuie) met baie lang vlerke (vlerkgegons – beskermers van Israel Jes.18:1), sy kleur is wit (heilig) en vlerke grys" (geestelike leier S155).

Ons lees ook in Jer.6:1-2: *Vlug, kinders van Benjamin* (daar is nog 30 000 Blankes in Zimbabwe), *uit Jerusalem uit, en blaas die basuin in Tekoa, en hef 'n vuurteken* (die rookkolomme) *op bo Bet-Hakkerem, want onheil dreig uit die Noorde en groot verwoesting. Die mooie en die werende verdelg ek – die dogter van Sion.*

11. ZIM BURGEROORLOG:

* "Hier in die noorde kom daar 'n rooi vlag uit (die Rhodesiese bosoerlog). Dan is die aarde daar omgeploeg (deurmekaar), maar dan sien ek 'n tweede rooi vlag (oorlog) kom uit. Toe sien ek spanne swart osse (swart gevaar) wat besig is om in te span (maak gereed vir oorlog) en hulle kyk reguit hierheen. Dan raak die gras aan die brand (geweld breek uit) en brand hierheen" (S176).

* "In die noord-ooste kom daar een sif uit (verkiesing tussen Mugabe en Tsvangirai in 2008). Toe raak die kaffirkoring se kaf weg (geldskaarste), toe kom daar weer 'n sif (herverkiesing) toe land daar 'n vaartuig en dit lyk soos 'n platboomskuit (Teodore Roosevelt was in daardie tyd langs ons kus S337)".

* "Aan die noordekant gloei houtkole. Die sloot (gevaar), rooi grond (bloedvergiëting). Twee bulle, een val (Tsvangirai) en kry min" (S299).

* "Maar voordat dit Boer se laaste stryd aanbreek sal 'n emmer bloed hier bo in die noorde omval" (S158).

"Daar is 'n wa sonder seil (beskerming) en dit is vol swartes (wat vlug vir die geweld). Daar is 'n nou poort (Beitbrug) en toe borrel die swartes en witmense deurmekaar daardeur. Agter die Engelse wat vlug (die laaste Blankes) verskyn 'n lang ry kafferassegaaië (georganiseerde aanval), dan val daar 'n emmer bloed om. Die ander Blankes vlug na ons kant toe. Die stof voor die waens raak aan die brand (hits geweld hier aan). Tussen die berge (stamme in SA) slaan die rook uit, mense wat hard veg" (etniese geweld en xenofobie S312).

Sjinese gevaar: Ons moet in gedagte hou dat die Zimbabwiese weermag en lugmag intussen deur die Sjinese opgradeer is, en sal hulle hierdie situasie gebruik om beheer daarvan te neem. Verder, dat die hordes Sjinese tans in SA wat winkels bedryf, almal jonk is sonder kinders en oumense, en dus opgeleide soldate wat intussen die oë en ore op die grond is. Sjina het ou myne opgekoop wat streng bewaak word waarheen hulle sal ontrek wanneer die moeilikheid begin. Hulle plan sal dan wees om agterna uit te peul om die land skoon te maak van die wat oorbly:

- “Waens met rooi osse trek en is deurmekaar met garingbalke (regerings). In die oostekant is ‘n draad (Mosambiek grens) en onder die draad (smokkel) gaan geel mieliepitte deur” (S323).
- “By Vereeniging is ‘n geel yster (myn), die yster trek ‘n ronde geel kring op die aarde” (S329).
- “Staan ‘n ronde stuk yster en hy is vol sekels (wapens). Toe staan die paal met die vlag daaraan” (hulle maak hul verskyning wanneer die Vierkleur gehys word S357).
- *Maak vir jou toebereidsels om in ballingskap te gaan (onttrek na plekke van veiligheid) ... ‘n steekvlieg kom van die noorde af, ook haar huurtroep (die Sjinese) ... hulle geluid is soos ‘n slang. Met leermaag trek hulle en kom na haar (dogter van Sion) met byle (gewapen). Hulle is meer as sprinkane Jer. 46:19-23, en: Inwoners van Sion... want uit die noorde kom die verwoesters Jer. 51:48.*
- “‘n Rooi vlag (Sjina) wat opgetrek word. ‘n Klomp mense wat so afkyk. Die man (Sjinees) wat anderkant uitkom. Klomp jong doringbome wat afgekap is en nou staan net die stompe daar (teken van Rhodesiërs wat eens daar was). Waens met vroue en kinders (die wat oorgebly het vlug). Die seile word wit (opregtes). Baie karre wat verby kom. Die watervoor met die pomp wat vol sand is (‘n situasie wat wag om te gebeur). Mense wat die pomp oopsteek. Waens wat optrek na die kampplek (ons mense wat onttrek). Die swart osse (swart gevaar) kom af” (S297).

12. DIE TWEE GETUIES, waarvan **Elia die vernaamste** is en ‘n hoë priester uit die Ou Testament voorstel, sal fisies as gewone mense tussen ons verskyn. Nie almal sal hulle herken as die getuies nie (*met sakke bekleed Op.11:3, mense net soos ons Jak.5:7 en Siener “met vaal klere”*). Hulle kom vanaf oorsee: *Wee die land van vlerkgegons (arend – beskermer van Israel Ex.19:4) wat anderkant die riviere van Kus (suidelike Afrika) lê. Wat boodskappers stuur oor die groot waters. Gaan weg, vinnige boodskappers, na die hoog uitgegroeide nasie met die blink (blank) vel Jes.18:1-2 en: In dié dag sal daar boodskappers voor My wegvaar in skepe om die sorglose Kus (Afrika) te verskrik Eseg.30:9.*

Siener beskryf die twee getuies deurentyd as blou of vaal, dus is hulle Duitsers (Twee blou voorosse S122), wat dan in Boere (bruin) verander (Die blou muile verander in donkies S297). Elia stel in hierdie tyd genl. Beyers voor asook Jan Pretorius wie Siener altyd in wit (heilig) gesien het, en die tydelike militêre leier as genl. Manie Maritz. Siener sien die twee manne:

- “Die een donker en geset van postuur (militêre leier) en die ander ‘n slankgeboude ligte man, wat die burgers toespreek” (R123).
- “Hier kom twee mense die een het grys klere aan en toe hulle teruggaan het die een wat die grys klere aan het een patroonband om ...” (S336).
- “Die deur is oop. Die **mense met lyfbande** aan, kom van die weste verby. ‘n Hangende blou gordyn kom in gesig” (Duitse hulp nog nie hier nie S307).
- “Twee groot snye brood met heuning op gesmeer kom na my toe” (S263).
- “Hy het twee manne te perd gesien. Een met ‘n bruin perd (militêre leier) en ‘n wit perd (geestelike leier) met ‘n belangrike brief” (S54).

- “Waens wat aankom, een met twee blou voorosse draai hierheen ...(S122).
- “Ek sien twee manne met ‘n wit vlag (Vredesverbond) kom. Hulle bring ‘n brief (Traktaat van 1914) ...en dit beteken vrede (S274).
- “‘n Lang trein met blou muile voor en in die draai van die pad verander die blou muile aan donkies” (getroue Afrikaners S297). “Toe staan daar twee mense wat kaalgeskeer is net soos ons...” (S311).
- “Op Treurfontein sien ek twee manne, die een donker en geset van postuur, en die ander ‘n slank geboude ligte man, die burgers toespreek” (S273).

Elia kom eers en sal alles herstel Matt.17:10-11, en hy kom heel eerste hierheen want: *die tente van Juda word eerste verlos* Sag.12:7 (“Ons gaan laaste in die ding maar kom eerste daaruit” S146). Eseg.20:46 bevestig: *hy word gestuur na Juda in die suide, die bosveld in die Suidland.*

Elia sal:

- Deur die Gees gelei word (Eseg.2:2)
- Die woorde spreek wat Jahweh hom gee (Eseg.3:4 en 1 Kon.17:23)
- Met gesag praat (Luk.4:32)
- Jahweh se opdrate uitvoer (Hag.1:12)
- Mag hê oor die weer, oorloë en plaë (Op.11:6).
- Hy word gestuur in die plek van ons Vader (Lev.16:32)
- Die Vredesverbond sluit tussen Jahweh en die Boerevolk (Eseg.34:25)
- Die nuwe Juda koning aanstel voordat hy ons verlaat vir ander wêrelddele (1 Kon.19:16)
- Die huis van Israel versamel (Jes.66:20)
- Na 3½ jaar vermoor word waar Jahshua gekruisig is (Op.11:2,8)
- “Iets soos ‘n mens se kop kom uit met ‘n wit boordjie, toe lê daar ‘n swart hoed (nuwe leier). Ek sien twee mense wat soos offisiere lyk wat gevang is” S241).
- Die volk deur hom hul identiteit besef: *sodat Ek nie hoef te kom en die land met die vanvloek (Armageddon) tref nie* Mal.4:6.

Die tydelike militêre leier: Siener se beskrywing van die man wie hy gedink het ons nuwe Staatspresident sou word, het duidelik betrekking op die tydelike militêre leier. ‘n Man met ‘n vol breë gesig (S262):

- “Die mans wat hierheen kom, daar is een **wag** by hulle” (S306),
- “Staan ‘n man met vaal klere (Duitser), kaalgeskeer met **geweer in hand**” (S357).
- “Klein Niklaas is daar en daar is ook twee ander manne by hom (twee getuies) en hulle hoede is bruin (het in Boere verander), en toe trek een van hulle **‘n nuwe skoen aan**” (word tydelike leier S302).
- “Ek staan en my velskoene kom ‘n nuwe oorleer oor (tydelike leier) en ek het ‘n baie mooi pak klere aan” (S263).

Plaas jouself in hierdie militêre man se posisie. Hy moet 'n verdeelde volk sonder 'n eie weermag lei, terwyl massas gewapende swartes, die hele land se veiligheidsmagte, asook die Zimbabwese, Britse en Indiese weermagte ons gelyk aanval. Dan is daar ook tussendeur "Kemp" (die man met die bruin pak) wat dink hy is die leier (R156), terwyl Maritz (hierdie tydelike leier) onbewus is van sy planne (R166 – die bont koraan tussen ons):

- "Maritz kom. Hy sien 'n pot (onluste) wat gaan. Sy **bene word half slap** en hy sien waens met mielikoppe" (S300).
- "Ek sien waens met vroue en kinders. Die pot (onluste) gaan na die noordekant. **Sy bene word slap**. Ek ry. Die doringbome ("dooie" Afrikaners) staan in die pad ('n struikelblok vir die Boere) ...Toe ontmoet hy (Siener / volk) genl. Beyers (geestelike leier). Toe sien hy een loop op die punte van sy voete (nog nie bekend aan die volk nie). Toe sien hy mense van die noordekant af kom (vlug uit Zim). Die oë is blind. 'n Blou papier (traktaat) kom te voorskyn en uit die papier kom manspersoon te voorskyn. Hy sien 'n klomp ratte wat draai, die voorste een val om en lê plat en dit lyk of hy 'n sif wil word, want daar kom gaatjies in (Duitse staatsgreep). Ek groet die man met die DIK GESIG (die gesette donkerkop S300)".

13. FILIDELFIA DIE BOONSTE POORT: Die Boerevolk is die gemeente van Filidelfia in Op.3, en het Pretoria (die boonste poort / hoofstad / parlement / heiligdom van Juda) eers as Filidelfia bekend gestaan. Filidelfia dra die sleutel (bloedlyn) van Dawid (troon) ...sal besef hulle is die uitverkorenes en nie die valse Jode nie ...sal bewaar word in die uur van beproewing ...moet vashou wat hy het (geloof, Gelofte en Apartheid) sodat sy kroon behoue bly ...die oorwinnaars sal 'n pilaar in die tempel wees vir altyd (ewige Verbond) ...op hom die naam skrywe van die stad, van die naam (die herstelde hoofstad Sag.8:3) en sy nuwe naam (nuwe Jerusalem) v7-13.

En terwyl die Duitsers 'n belangrike rol in ons toekoms gaan speel, is dit nodig om hulle uit te wys as DIE GEMEENTE VAN EFESE in Op.2:1-7: *Ek ken jou werke en jou arbeid ...dat jy slegte mense nie kan verdra nie, en dat jy dié (Jode) op die proef gestel het (Tweede WO) wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenars bevind het ...dat jy verdra en lydsaam is ...Onhou waarvandaan jy uitgeal het (uit Juda en daarna die identiteit van Dan geërf het).*

14. VEROOTMOEDIGINGS DAG EN AARDBEWING: "Alhoewel die verraad en broedertwis verskriklik onder ons mense is, sien ek dat ons nogans voortworstel op die pad wat God vir ons bepaal het. Die verraaiers sal finaal verdryf word. Die boer verlaat die kerk en soek sy heil in die Hoër Hand. Dan kom daar 'n tyd wat die volk weer op sy knieë in verootmoediging voor God gaan staan. Politieke en ander geskille word vergeet omdat dit nie meer saak maak nie" (S273).

As My volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hulle bekeer, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees 2 Kron.7:13-14. En: Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!

Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, kinders en suigeling! Joël 2:15 en 16).

Is julle nie vir My soos die kinders van Kus (swartes van Afrika) nie, o kinders van Israel? Amos 9:7. En: "Die geel deur (verraad) is oop. Die man met die wit klere (getuie) kom hierheen. Ons lyk soos swartes. Ons gaan by die agterste hek uit (vertrek stilletjies na plekke van veiligheid). Die Engelsman (Buchan) verander aan 'n Boer" (S317).

Hierdie dag van vas en bid is nie 'n Geloofte (ooreenkoms tussen die volk en Jahweh), of 'n Verbond (ooreenkoms tussen Jahweh en Sy volk) nie, maar van lewensbelang want dit sal die bloed op ons deurpose wees in die tyd wat ons sonder Heilige Gees gaan wees: ***Elkeen wat hom nie daardie dag verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word*** Lev.23:24-27:

- *Al die sondaars van My volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie* Amos 9:10.
- *Aangaande die profete wat profiteer in My Naam sonder dat Ek hulle gestuur het en wat sê: Daar sal geen swaard of hongersnood in hierdie land wees nie – dié profete sal die die swaard en hongersnood omkom. En die volk vir wie hulle profiteer, sal in die strate weggegooi lê vanweë die swaard en hongersnood sonder dat iemand hulle begrawe* Jer.14:15-16.

Daar sal landwyd verootmoedig word met die hoof saamtrek by Pretoria:

- *Huil o poort (hoofstad), skreeu o stad...want uit die noorde (Zimbabwe) kom rook (oorlog). ...anderkant die riviere van Kus...die nasie met die blink (blank) vel... Want dit is oestyd en die *druiwekorrel is ryp (Juda is reg vir die parskuip). In die tyd sal daar aan Jahweh geskende (veroorloeding) gebring word, na die plek van die Naam van Jahweh, die BERG SION (Jes,18:1-7).*
- *"Daar lê 'n *tros ryp druiwe langs 'n sloot (gevaar) en 'n wit diamant (Elia) kom in gesig. Toe kom 'n vrou (dogter van Sion) uit met 'n groot *tros druiwe in haar hand voor my". (Die wingerdstok verwys na die huis van Israel en die manne van Juda Jes.5:7, die volk is die saad van die wingerdstok Sag.8:9-13, 10:4).*
- *Blaas die basuin (roep die volk bymekaar) op SION, en blaas alarm (waarsku) op My heilige berg! Laat die inwoners van die land bewe, want die dag van Jahweh (nagaanval) is naby...Heilig 'n VASDAG, roep 'n vergadering saam...en sê: o Elohim, spaar U volk... Joël 2 (ook Jes.18:7).*
- *"Baie mense wat so na Pretoria kyk. Een helder lig" (Koeberg S307).*
- *"Die perde is almal opgesaal en die mense staan gereed voor hulle. In die weste woel hulle baie (Vrystaatse opstand). Die vrou met die bed by die kamppek (deel van volk wat reeds sou onttrek het). Daar is wit boontjies in 'n emmer (herlewing van wit nasionalisme) en hulle pak nog druiwe (verootmoediging) bo-op die emmer. Waens wat aankom kom in gesig en een met twee blou voorosse (twee getuies) draai hierheen" (S298).*

- “Ek gaan na die noorde (Pretoria) en oor die pad is ‘n draad gespan (hindernes) en een vrou se hand maak die draad los, en ek gaan verder. Toe staan die brand pragtig groen (“kort na die eerste reëns”) en mense hardloop om ‘n kop. Toe kom my ou Bybel voor my in gesig” (verootmoediging S116).
- “Ek gaan op na die noorde met motor. Die grond voor my is eers brakagtig toe sanderig en daar is baie droë garingbome (regerings wat ondergaan) en raak weg. Ek kom toe by droë bome (Afrikaners wat geestelik dood is) en tussenin is ‘n voetpaadjie. Toe kom ek deur die bome is dit ‘n pad en ek ry met my kar in die pad en daar is nog karre agter my. Ek kom by ‘n hek en gaan deur toe ek deur is kom ‘n klomp Boere te perd by my verby” (S351).
- “Daar is ‘n dorp waar baie vroumense aankom en hulle is wit aangetrek (Pretoria). Daar is ‘n wa sonder seil (beskerming) en dit is vol swartes (vanaf Zim). Daar is ‘n nou poort (grenspos) en toe borrel die swartes en witmense deurmekaar daaruit. Daar hang ‘n gordyn en toe dit oopgaan toe sit daar ‘n man met ‘n grys broek aan. Daar is ‘n groot wit huis (parlement) en langs die huis is daar ‘n hoop grond” (graf van belangrike swart man S312).

Elia sal die versoening doen (Lev.16:26-32):

- *Kyk, Ek stuur vir julle die profeet Elia voordat die vreeslike dag van Jahweh (nagaanval) aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders (hul ware identiteit laat besef), sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek (Armageddon) tref nie Mal.4:5.*
- *En die priester wat gesalf en aangestel sal word om in die plek van sy Vader die priesteramp te bedien, moet die versoening doen, en hy moet die heilige klere aantrek (hier sal die volk vir die eerste keer met hom kennis maak) Lev.16:32.*
- “Toe gaan ek in die noordekant op (Pretoria) en ‘n blou voël (Duitsers) kom van die Weste voor my in die pad, en toe verander hy in ‘n duif” (S338).
- “Die Boere verkeer in ‘n benarde toestand ...dan sien ek ‘n jongman van die kant van Pretoria kom om ‘n groot vergadering toe te spreek” (S152).

Die opregtes onder die volk wat gehoor gee aan hierdie oproep, sal deur Elia “gemerk” word met die simboliese inktpot (Eseg.9), wat hulle sal dra in die tyd sonder Trooster. Die boek van herinnering (Mal.3:16) simbooliseer die opname van die “gemerktes” onder Juda en Jerusalem. “Ek sien ek loop by die tronkdeur uit (die volk is wakker), dan ry ek met die trein en kom by die huis, terwyl die gras nog kort is. Ek sien ‘n skoon papier met swart letters daarop en onderaan sien ek nes of my naam ook onderaan die papier is” (S308).

Die Verootmoediging vind plaas onmiddellik voordat die volk onttrek na plekke van veiligheid:

- *Toe het ek ‘n vastyd uitgeroep om ons te verootmoedig voor die aangesig van Jahweh ten einde Hom ‘n voorspoedige reis te vra vir ons en ons families en al ons goed Esra 8:21.*
- “Daar is ‘n groot dorp, toe is daar ‘n wa wat opgelaaai word. Toe volg daar baie waens en baie mense wat vlug. My veldstoeltjie staan daar buite” (S320).

Elia lei die verootmoediging, Geloofte en die Verbond, en daarom lees ons dat Elia hom drie maal uitgestrek het oor die dooie (verlore) seun 1 Kon.17:20-30.

Die vriendelike Engelsman is teenwoordig maar loop agter:

Hy stel die twee getuies aan die mense voor:

- “Die mense staan in ‘n ry. Die Engelsman staan voor ons en hy lees J. Pretorius (wat Siener altyd in wit gesien het) en nog een se name af. Dit is lig. ‘n Kind wat in die straat afhardloop (volk wat nog nie onafhanklik is nie S318).
- “’n Vriendelike Engelsman kom hier aan. Ek sien toe net veldspoor. Ek sien ‘n venster wat oopstaan en toe ek daardeur kyk, toe sien ek dat dit lig is daarbuite” (ontploffing S293).
- “Die houtjies kom bymekaar. Ek sien die Engelsman wat vriendelik is en ‘n groot blou lig” (S294).
- “Die man met die wit klere (getuie) kom hierheen. Ons lyk soos swartes, ons gaan by die agterste hek uit. Die Engelsman verander aan ‘n Boer” (S317).
- “Ons mense loop voor en die Engelsman loop agter” (S320), en: “Gert Mills loop so agter” (S308).
- “Ek sien mense wat uitloop en die agterste een het ‘n verweelbroek aan, met ‘n wit sloop in sy hand” (maak vrede S304).

Hulle maak rusie: ‘n Klompie mense van belang (“met fluweelbroeke” en “vere op hulle hoede”) hou vergadering na afloop van die verrigtinge. Onder hulle is Boere, oud-ministers en kerkleiers. Dit loop op ‘n stryery af en Elia verlaat die vergadering gevolg deur Boere (en die Engelsman loop agterna):

- “Die vriendelike Engelsman kom hier aan. Ek sien net veldstoeltjies maar nie mense nie (verrigtinge is verby) ...’n tafel waar die mense weerskant om sit...” (S293).
- “’n Groot huis waarin mense is met vere op hulle hoede en ook mans en ‘n tafel. Baie mense kyk na Pretoria” (S292).
- “Ek sien ‘n klomp mense hier in ‘n huis wat om ‘n tafel sit en ek hoor stemme wat rusie maak. Skielik staan een man by die kop van die tafel op (die geestelike leier) en stap by die deur uit, en meteens is dit helder lig ...slaan kruitrook uit van suid na wes” (aardbewing S352).
- “My mandjie (geloof) is daar buite en ek drink ‘n beker melk (verootmoedig). Die mense loop so uit ‘n sink afêre. ‘n Skraal persoon (Elia) met wit klere aan (heilig) gaan uit. Ons (Boere) loop voor maar die Engelsman loop agter” (S320).
- “’n Dorp wat skoon word (verootmoedig), donkiekarre (Boere) kom hierheen. Mofskape (oud-ministers) kom met enkele swartkopskape (kerkleiers) tussenin”. “...Gewapende Engelse gaan uit ‘n huis na ‘n ander klomp mense en toe hulle daar kom, toe steek hulle almal hulle hande op. Die man met die grys klere gaan voor my uit...” (S312).
- “Twee Engelsmanne wat stoei” (Buchan en die man met die bruin pak S293).

- Isak Klaasen (destyds 'n Smuts man), sit ook om hierdie tafel (S317 en ons kan maar net wonder wie hy in hierdie tyd voorstel).
- Elia ontvang die opdrag: *Gaan na die huis van Israel en spreek hulle aan met My woorde ...nie na volke wat duister van spraak of swaar van tong is nie, wie se woorde jy nie kan verstaan nie (volksvreemdes), maar na die huis van Israel ...Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, want hulle het 'n harde voorhoof ...Kyk, Ek maak jou voorhoof hard soos 'n diamant, harder as 'n rots, jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie, omdat hulle 'n wederstrewige huis is ...gaan na die ballinge, na die kinders van jou volk, en spreek met hulle ...of hulle luister of nie* (daarom verlaat hy die vergadering) *...en 'n groot gedreun gehoor (aardbewing) ...en hy het sewe dae verstom in hulle midde gesit* Eseg.3.

SA sal deur Indië militêr bedreig word:

- “Toe kom ver in die Ooste 'n roer uit en hy kom so naby dat ek in sy bek kan sien. Toe kom 'n vrou met 'n koppie en piering na my en in die koppie is wit lekkergoed” (S341).
- “Ek kom in 'n huis wat se muur binne van bruin plank is ...'n wit papier (gedenkboek). Toe hoor ek: ‘Die geroep van die volk gaan op tot God, die aarde bewe’. Toe sien ek een klein koelie en toe staan hy op, toe word hy een groot koelie” (S345).
- “Ek sien 'n dik, vet swart perd en daarna 'n vuilgeel perd. Die swart perd voorspel moeilikheid met die swart mense en die vuilgeel perd op moeilikheid met die Indiërs. Uit Indië kom 'n geweer so na aan my dat ek in die bek van die loop kyk” (S359).

'n Vulkaniese uitbarsting in die Ooste vind ook plaas terwyl die volk verootmoedig:

- “... blou stene (die getuies), baie waens en 'n kar voor die deur. Ek sien my vrou sit goed op die groot Bybel. In die Oostekant is daar 'n groot klip en die vonke spat uit die klip” (S208).
- “In die Oostekant is 'n lang ysterwa (foutlyn?) onder 'n rooi klip (Sjina) en hy wikkel die klip” (S244).
- “Mense gaan met swart klere na die Ooste ...Aan die noordekant (Pretoria) is die #koring ryp (Boere verootmoedig) ...toe staan hier 'n groot pot en onder die pot is 'n groot vuur van die noorde (Zim), maar die vuur raak nie dood nie” (S338 vergelyk ook #sak ryp koring in noordooste bl S337).

Beyers, wie voorheen in Duitsland was, teenwoordig was tydens De la Rey se slypmoord en ook sy begrafnis bygewoon het, het herhaaldelik in visioene van De la Rey verskyn. 'n Verdere parallel kan gemaak word tussen die twee uit Siener se visioen tydens sy besoek aan laasgeneomde om hom meet te deel dat hy sou sterf (S70 en R126). Interessant is dat die getuie wat Beyers voorstel in hierdie tyd die verootmoediging lei, maar ook die Geloofte by Lichtenburg, en aan die einde van die oorlog die nuwe koning aanstel wat De la Rey voorstel. Die dood (nederlaag) word nou 'n geboorte (oorwinning).

De la Rey se dood was die geboorte van 'n pasgebore meisiekind, en geboorte van ons Vryheid. Wanneer die Rebelle hervat word in hierdie tyd is sy dan groot met bruin klere aan

(R139-140). Hierdie besoek aan De la Rey het plaasgevind drie weke voor die uitbreek van die oorlog en was dit ook die eerste keer in 15 jaar wat Siener by De la Rey op die plaas was. Die Rebelle het ook in 1915 oorgegee.

Uit hierdie gedeelte (R139-140) sien ons dat die syfer 15 baie beklemtoon word, en dalk 'n belangrike aanduiding. Dit was die datum van De la Rey se afsterwe (geboorte van die kind) wat Siener gesien het, maar in dieselfde visioen het hy ook weer die syfer 15 gesien vir die toekoms wanneer hy "weer" terugkeer van oor die waters (meisiekind is nou groot). Die jaar 2002 was die 350 jarige herdenking van ons volksplanting (Dan.12 'n tyd, tye en 'n halwe tyd is gelyk aan 350 jaar). Die volgende is bloot spekulasie: As ons 15 jaar tel by 2002 bring dit ons by 2017. In Siener se visioen van die Duitse verkiesing, die kielhouer (Koeberg) en die Vrystaatse opstand, sien hy "twee syfers 1 en 7, die 7 word 'n mens" (Duitse leier? S300). Kan dit dalk ook op 2017 dui? En dui die drie weke dalk op die tydperk waarin al die gebeure sal afspeel vanaf die groot staking begin? (Watter jaar dit ookal gebeur, ons groot moeilikheid sal direk na die winter plaasvind).

Aardbewing en twee ontploffings - teken vir die volk om te onttrek: Met al die betrokke gesigte in ag geneem wil dit voorkom of hierdie massiewe aardbewing in die Kaap ("Slaan kruitrook in 'n laagte uit **van suid na wes**" S352 en: "... een groot beweging in die **suidweste**" S305), plaasvind die oggend na die Verootmoediging: "Die geroep van die volk gaan op, die aarde bewe" (S167):

- "Die diep put (gevaar) en die mandjies (gelowiges) kom daaruit. Die mandjies raak weer weg (verrigtinge is verby). Toe staan daar mense wat kaalgeskeer is net soos ons (die twee getuies). Buitekant staan 'n bank en die reistasse staan daarteen. Ek staan toe by die reistasse en 'n vrou met 'n skraal gesig kom groet my daar. Ek het slaaplose NAG gehad en toe die klok drie uur slaan, toe kom daar 'n gesig voor my van 'n groot huisie in die dorp, weg en naderhand was al die huise in die dorp klein huisies. Dit was donker daar" (S311).
- "Die papemmer is leeg, daar is enkele mieliepitte in (kosskaarste). Ons is wit aangetrek (verootmoedig). Die mense is hier buite. 'n Groot pot met vuur onder en toe maak hulle die deksel oop en die vlam slaan bo uit" (S317).
- Op 'n ander geleendheid het Siener weer 'n soortgelyke visioen gehad: "'n Vrou met druiwetros ...die lug is helder skoon aan **wes** en die son sit omtrent 2 uur hoog (tydens verootmoediging) ...die diep put (ellende) en die mandjies (gelowiges) kom daaruit. Die mandjies raak weer weg (verrigtinge verby). Toe staan daar mense wat kaal geskeer is net soos ons. Buitekant staan die reistasse. Ek het slaaplose **nag** gehad en **toe die klok 3 uur slaan** toe kom daar 'n gesig voor my van 'n groot huis (kragstasie) in die dorp, **weg**" (S294).

"Dit was kort voor dagbreek en daar kom popelier blare aan die lig (verkiesing in Duitsland). Toe verdwyn die blare (geen verkiesing maar staatsgreep). Ek gaan huistoe (na die Vrystaatse opstand), ek was sonder skoene (sonder 'n eie regering), en op my kouse geloop. Toe ek voor my deur kom, kom my kinders (volk sonder eie regering) uit die huis uit (Miga 4:10 huise

verlaat en in die veld woon). Toe was daar voor my in die laagte ‘n klompie beeste; twee rooi bulle, een met ‘n bles (weermag bestaande uit Europese en Oosblok lande), is aan die geveg (WO3 het begin). Die bles spring uit, en vlug ‘n endjie maar veg weer. Ek bekommer my nie oor die geveg nie. Ek loop na my stal, en in die loop was dit of my kop ‘n **ruk** gee (aardbewing). Ek kyk op, die lug is helder skoon en dadelik begin swart letters met silwer glans uit te kom, van **suidoos na suidwes**. Dit was of die lug met letters vol word. Toe sien ek besonderlik syfers: **14376** (die nommer van die betrokke foutlyn S186).

- “Een groot pap met ‘n deksel op toe gaan dit oop en toe is dit leeg (Koeberg). Een groot beweging in die **suidweste** (aardbewing in die Kaap). Die waens met seile wat so omtrek. Die swartes wat uit die noorde uit kom (vlug uit Zim). ‘n Swart perd (groot moeilikheid met die swartes) met saal en toom (gereed vir oorlog) is by die groot huis” (regering / parlement S305).
- “**Van wes** kom baie groot stof die woke trek laag op die grond en die mense hardloop na oostekant” (S329).
- “Die donker sak toe. Twee liggies (reaktors). ‘n Groot enjin waarby rook uitkom, toe trek dit op die berge en toe kom mense oor die kaal wêreld. Hy sien ‘n dorp waarvan die huise niks word nie. Ons mense kom op (na Pretoria). Hy sien ‘n groot rooi bul (kommuniste) met half lang horings en by hom is rooi beeste (Engelse magte) wat baie kwaai is. Die karre gaan op en dit so donker dat hy sy perd se maanhare nie kan sien nie. Die wêreld is afgebrand. Hoe verder hy gaan hoe warmer word die gloed in sy gesig...” (S300)..
- “Vuur. Kospotte staan op die vuur (onluste). In die **westekant** kom daar vuur uit, wat van **kameelhout** aangelê is ...Toe staan ‘n pot op ‘n ashoop” (S320).
- “Baie steenkole verander aan ‘n hoop as” (S305 ons het hier met ‘n kragstasie te doen).
- “Ek sien ‘n gedraaide blou hout (Duitsland), met sekels aan (maak oorlog), ‘n groot kameeldoringboom met baie as daaronder en ‘n man wat in ‘n boom klim” (S303).
- “In die **suid-weste** staan ‘n man en hy skiet na die **suid-weste** sodat ek die skote hoor” (S324). *Jahweh brul (aardbewing) uit Sion en verhef Sy stem uit Jerusalem, sodat die weivelde van die herders treur en die top van Karmel (Tafelberg) verdor* Amos 1:2. (Karmel is by die see Jer.46:18).
- “‘n Haelstorm wat van die **weste** af kom. Die mense wat kaal (hulpeloos) wegvlug. Die nuus borrel uit” (S297).

Handelinge 16 vertel van die Boerevolk wat sedes verkondig (Apartheid) en ‘n opskudding veroorsaak (v20-21). Hulle klere word deur die gereg en massas afgeskeur (verloor mag) en met stokke geslaan (gestraf v22). Hulle word in die gevangenis gewerp (hulpeloos) en word bewaak v23). En **omtrent middernag** het Paulus en Silas (stel twee getuies voor) *gebid en lofliedere gesing en die gevangenes (volk) het na hulle geluister* (verootmoedig). En *skielik kom daar ‘n groot aardbewing sodat die fundament van die gevangenis (volk) geskud het. En onmiddelik het al die deure oopgegaan* (v25-26).

Siener het 'n masiewe vuur by Jan Kempdorp gesien. Die oud en onstabiele ammunisiebunker sal ook ontplof agv die aardbewing: "Ek sien 'n skynsel van 'n lig agter die wolke uitkom aan die **westekant** en dan raak dit weer weg. Die lig kom weer tevoorskyn (Jan Kempdorp), maar nou uit agter die wolke en dit is nou ook groter en helderder. Ek sien ook twee koningsterre (twee getuies S293).

- "'n Put wat met blik uitgelê is (magasyn), toe kom daar 'n houd soos 'n stampblok daarin **op**. Ek sien 'n lang muur en daar buite so 'n lang afdraend. Toe is dit lig" (S317).
- "Aan die **westekant** is 'n steen en die steen val om (aardbewing) en toe is dit 'n wa se voorstel wat omgeval het en die boonste wiel draai in die rondte. In die **suid-weste in die Kaap** staan 'n ou waentjie (kragstasie), die wiel wat aan die noordekant staan is een draad om en die draad ruk die ou waentjie om en hy val na die noorde" (S330).
- "'n Groot klomp mense wat na die noordekant toe trek, hulle vlieg skielik om en kom weer terug mans vroue en kinders deurmekaar. Hulle het swart rouklere aan met wit baadjies. Toe word dit lig" (S294).
- "In die noordwestekant staan die mense op 'n bult en toe kom daar 'n dik vuur agter hulle uit en toe raak hulle weg" (S318).
- "'n Rooi streep bo aan die vlag. Oom Niklaas is aan die noordekant (Pretoria) en grys mense (die twee getuies) groet hom. Hy sien 'n hout wat plat is met 'n draadjie vooraan (Koeberg). Hy sien 'n ronde houtjie wat op hom afgaan (aardbewing). Toe skiet die kanon op mense wat daar uitkom... Drie maal die lig (baie skerp). Die son is halfpad op..." (S299).
- "Ek sien dat onweer al dreigender oor ons land saampak. Binnekort sal die lont ontplof wat die hele land aan die brand sal steek" (R99).
- "Ons volk sal eers bymekaar kom as die rooi kielhouer (pik met twee punte) ons bymekaar bring" (S123).

'n Tsunami: Tweehonderd jaar gelede het 'n aardbewing, geskat op 6.5 op die rigterskaal met sy middelpunt waar Milnerton vandag geleë is, plaasgevind. Koeberg is destyds ontwerp om 'n aardbewing wat 7 meet te kan weerstaan, daarom kan ons 'n baie groter een verwag om aan die profetiese gevolge te voldoen. Die Milnerton foutlyn lê 8km wes van die Koeberg kragstasie in die Atlantiese Oseaan, en beweeg binnelands deur die gebied bekend as Milnerton. "'n Sloot (skeuring) in die **westekant**, het 'n draai na die suide. Toe gaan ek 'n entjie met die sloot aan maar dit is skoon, die grond van die sloot is wit" (seesand S321).

